DAG 43-Voorwaardes vir Herlewing: …VRA/ BID… en ontvang

1Joh 3:21-22 Geliefdes, as ons hart ons nie veroordeel nie, dan het ons vrymoedigheid teenoor God; en **wat ons ook al bid, ontvang ons** van Hom, omdat ons sy gebooie bewaar en **doen** wat welgevallig is voor Hom.

AMPLIFIED: 1Jo 3:21-22 And, beloved, if our consciences (our hearts) do not accuse us [*if they do not make us feel guilty and condemn us*], we have confidence (complete assurance and boldness) before God,
And **we receive from Him whatever we ask**, because we [*watchfully*] **obey** His orders [*observe His suggestions and injunctions, follow His plan for us*] and [*habitually*] **practice what is pleasing to Him.**

*Ek wil dus hê dat die mans by elke plek van samekoms **met 'n skoon gewete** hande in gebed tot God moet ophef, vry van onmin en twis (1 Tim.2:8)*

1Tim 2:8 In every church service I want the men to pray, men who are dedicated to God and can lift up their hands in prayer without anger or argument.

Guilt sometimes robs us of our confidence , but if we had confessed it and set things straight, we have confidence to ASK and RECEIVE

Getroue Vader, ons moet bely dat ons harte ons partykeer veroordeel,en dat ons verhouding met U, ons verhouding met mede broers en susters en met ander van die wereld nie reg is nie; Nogtans wil ons ons gebede beantwoord he. Ek bid vandag vergewe my waar ek U of ander tenagekom het, en ek vergewe hulle wat my teleurgestel en benadeel het; Here ek vra dat U my hart sal laat herleef vry van onmin en twis

Stof tot Nadenke…

As daar een aspek van aanbidding is wat vandag ontbreek, dan is dit die voelbare teenwoordigheid van God. Dit is hoekom ons so nonchalant kan wees tydens aanbidding. Uittreksel: Revival, a people saturated with God deur Brian Edwards.

Onophoudelike Gebed:

Dankie, Here Jesus ek is vrymoedig

DAG 44-Voorwaardes vir Herlewing: …VRA/BID en ONTVANG

Dan 9:3 - En ek het my aangesig tot die Here God gerig om met vas, en in roukleed en as, my aan **gebed en smekinge** te wy.

AMPLIFIED:-Dan 9:3 And I set my face to the Lord God to seek Him by prayer and supplications, with fasting and sackcloth and ashes;

Dan 10:12 Toe sê hy vir my: Wees nie bevrees nie, Daniël; want **van die eerste dag** af dat jy jou hart daarop gerig het om ag te gee en jou voor die aangesig van jou God te verootmoedig, **is jou woorde gehoor,** en om jou woorde ontwil het ek gekom;

Dan 10:13 maar die vors van die koninkryk van die Perse het een en twintig dae lank **teenoor my gestaan,** …..

MESSAGE - Dan 10:12-13 "'Relax, Daniel,' he continued, 'don't be afraid. **From the moment you decided to humble yourself** to receive understanding, **your prayer was heard,** and I set out to come to you. But **I was waylaid** by the angel-prince of the kingdom of Persia

Eph 6:12 Want ons worstelstryd is nie **teen** vlees en bloed nie, maar teen die **owerhede**, teen die **magte**, teen die **wêreldheersers** van die duisternis van hierdie eeu, teen die **bose geeste** in die lug.

1. **OWERHEDE –(** Generaals)– Geeste oor spesifieke gebiede
2. **MAGTE –** Geeste met spesifieke take
3. **WERELDHEERSERS –** Geeste oor spesifieke werelddele/lande (bv: Ethiopie – gees van armmoede)
4. **BOSE GEESTE –** Normale geeste/demone om ons.

Here die rede hoekom ons nie herlewing kry nie het ook te doen met die bose geeste in die lug, en ons weerstaan elke gees wat ons verhoed om bid(**Jak 4:7**). Ons bid dat u die engele aangaande ons bevel gee om die owerhede en wereldheersers te beveg wat ons verhinder om herlewing te kry. Ons beklee onsself met die wapenrusting van God om staande te bly teen elke aanslag (Efes 6:13)

Stof tot Nadenke…

Herlewing is altyd selektief aan die begin en kos ‘n prys. God soek mense wat gewillig is om die prys te betaal.

Uittreksel: Breath of Heaven deur Ken Terhoven.

Onophoudelike Gebed:

Hier is ek, Vader; ek wag op U.

DAG 45-Voorwaardes vir Herlewing: …VRA en ONTVANG

Luk 18:1 En Hy het ook aan hulle ‘n gelykenis vertel met die oog daarop dat ‘n mens **gedurig moet bid** en nie moedeloos word nie,
Vers 3 en **sy het gedurig na hom gekom** …..
AMPL - Luk 18:3 And there was a widow in that city **who kept coming to him** …

Luk 18:7 Sal God dan nie reg doen **aan sy uitverkorenes wat dag en nag tot Hom roep nie**, al is Hy ook lankmoedig in hulle geval?
Ampl -Luk 18:7 And will not [*our just*] God defend and protect and avenge His elect (His chosen ones), **who cry to Him day and night**? Will He defer them and delay help on their behalf?

Heilige God, ons bely dat ons meesal kitsoplossings soek, en ophou vra wanneer ons dink ons gebede is nie verhoor nie; Help ons om weet dat herlewing U hart is en dat ons NIE MOET OPHOU SOEK, NIE MOET OPHOU VRA , of OPHOU KLOP totdat U die deur oopgemaak het sodat ons kan instap in die herlewing nie.

Jer 29:13 En julle sal My soek en vind as julle na My vra met julle hele hart.

Mat 7:7-8 Bid, en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal vind; klop, en vir julle sal oopgemaak word. Want elkeen wat bid, ontvang; en hy wat soek, vind; en vir hom wat klop, sal oopgemaak word.
BID/VRA …..En ONTVANG
SOEK .....en VIND
KLOP .....sal OOPGEMAAK WORD

Stof tot Nadenke…

Die onheilige lewens van die Christene van vandag, tesame met biddeloosheid, is waarskynlik die rede wat God oortuig dat ons nie regtig ernstig is oor herlewing nie. Uittreksel: Revival, a people saturated with God deur Brian H. Edwards.

Onophoudelike Gebed:

Heilige Gees, verwyder all woede en aggressie uit my hart.

DAG 46-Voorwaardes vir Herlewing: …VRA en ONTVANG*).*

Mat 15:22 'n Kanaänitiese vrou wat in daardie gebied gewoon het, het onverwags by Hom aangekom. **Sy het aanhoudend geroep**: "Ontferm U oor my, Here, Seun van Dawid! My dogter is in die mag van 'n bose gees, en dit gaan sleg."
AMPL - Mat 15:22 ….., with a [*loud, troublesomely urgent*] cry, begged, Have mercy on me, O Lord, Son of David!
Jesus het haar:
1. Geignoreer – vers 23 / He IGNORED her
2. Geweier – vers 24 / He DENIED her
3. Afgejak - vers 26 / He REJECTED her

Mat 15:25 Daarop kom sy en val voor Hom neer en sê: Here, help my!
AMPL - Mat 15:25 But she came and, kneeling, worshiped Him and kept praying, Lord, help me!

Mat 15:26 Maar Hy antwoord en sê: Dit is nie mooi om die brood van die kinders te neem en dit vir die hondjies te gooi nie.
Mat 15:27 En sy sê: Ja, Here, maar **die hondjies eet darem van die krummels wat van die tafel van hulle base afval**.
Mat 15:28 Toe antwoord Jesus en sê vir haar: o Vrou, **groot is jou geloof;** laat dit vir jou wees soos jy wil hê. En haar dogter het gesond geword van daardie uur af.

God van Abraham, Isak en Jakob, ons bely dat ons nie altyd onthou om te bid vir die vrede van Jerusalem nie. Ons vra om vergifnis. Leer ons asseblief en herinner ons voortdurend om te bid dat volkome vrede in Jerusalem en Israel sal kom. Ons bid dat U wil en planne uitgevoer sal word ten spyte van al die planne en strategieë van mense.

Stof tot Nadenke…

Intimiteit met God beteken dat wanneer God pyn ervaar, dan ervaar die bidder ook pyn. Uittreksel: Revival, God's way deur Leonard Ravenhill.

Onophoudelike Gebed:

Here Jesus Christus, openbaar Uself aan almal in die Midde-Ooste.

DAG 47-Voorwaardes vir Herlewing: …VRA en ONTVANG

Luk 11:5-8 En Hy het vir hulle gesê: Wie van julle sal 'n vriend hê en sal middernag na hom gaan en vir hom sê: Vriend, leen my drie brode, want 'n vriend van my het van 'n reis by my aangekom, en ek het niks om aan hom voor te sit nie— en dié van binnekant sal antwoord en sê: Moenie my lastig val nie; die deur is al gesluit, en my kinders is saam met my al in die bed; ek kan nie opstaan om vir jou te gee nie. Ek sê vir julle, al sou hy ook nie opstaan en vir hom gee omdat hy sy vriend is nie, sal hy tog **ter wille van sy onbeskaamd-heid** opstaan en hom gee soveel as hy nodig het.
Ampl - Luk 11:8 ……because of his **shameless persistence and insistence** he will get up and give him as much as he needs.
Message - Luk 11:8 ……, if you **stand your ground, knocking and waking all the neighbors**, he'll finally get up

ONBESKAAMD - Greek - "**anaideia**" - impudence, importunity:- - nO bashfulness, NO modesty ; -NO reverence, NO shamefacedness.

Luk 11:13 As julle dan wat sleg is, weet om goeie gawesaan julle kinders te gee, **hoeveel te meer** sal die hemelse Vader die Heilige Gees gee aan die wat Hom bid?

Betroubare God, ons bely dat ons dikwels die vuur van die Gees uitblus en U gesproke en geskrewe Woord verwaarloos, omdat ons ontnugter is deur omstandighede. Vergewe ons asseblief. Leer ons om altyd blymoedig te wees en om sonder ophou te bid. Help ons om iets goeds in elke situasie te sien en in alles dankbaar te wees, want dit is U wil.

Stof tot Nadenke…

Mense sal ons seermaak. Hulle sal ons irriteer en kwaad maak. God gebruik hierdie goed om ons te breek en te verneder. Op hierdie manier maak Hy ons nog dieper kanale sodat die Lewe van Christus deur ons na ander kan vloei.

Uittreksel: The way of the Cross deur Roy Hession.

Onophoudelike Gebed:

Vader God, ek vertrou U...

DAG 48- Voorwaardes vir Herlewing: VRA/ ONTVANG

Mar 11:24 Daarom sê Ek vir julle: Alles wat julle in die gebed **(1)vra**, **(2)glo** dat julle dit (**3)sal ontvang**, en julle **sal dit verkry.**

AMPL -Mar 11:24 For this reason I am telling you, whatever you **(1)ask** for in prayer, **(2)believe** (trust and be confident) that it is **(3)granted** to you, and you **will [*get it*].**
MESSAGE - Mar 11:24 That's why I urge you to pray for absolutely everything, ranging from small to large. **Include everything** as you **embrace this God-life**, and **you'll get God's everything**.

Heb 11:1 Die geloof dan is 'n **vaste vertroue** op die dinge wat ons **hoop(BEGEER)**, '**n bewys** van die dinge wat ons **nie sien nie**.
AMPL - Heb 11:1 NOW FAITH is the **assurance (the confirmation, the title deed)** of the things [*we*] hope for, (**DESIRE**) being the **proof** of things [*we*] do not see and **the conviction** of their reality [*faith perceiving as real fact what is not revealed to the senses*].

Ampl -1John 3:22 And we receive from Him whatever we ask, because we [*watchfully*] obey His orders [*observe His suggestions and injunctions, follow His plan for us*] and [*habitually*] practice what is pleasing to Him.



Jesus, ons Koning wat weer op die wolke sal kom, verlos ons asseblief van spandabelrigheid en oormatige etery en drinkery. Raak ons weer aan met U Gees en gee ons krag om altyd te waak en te bid. Stel ons in staat om te ontkom aan al die versoekings van hierdie wêreld, sodat ons rein voor U sal kan staan wanneer U weer kom.

Stof tot Nadenke…

Die rede hoekom die wêreld Christene nie ernstig opneem nie, is omdat ons ons Christenskap nie ernstig opneem nie. – Brian H. Edwards.

Onophoudelike Gebed:

Vader, help my om my dae so in te rig dat ek tyd het vir U.

DAG 49-Voorwaardes vir Herlewing: …VRA en ONTVANG

Mar 10:13 En hulle het kindertjies na Hom gebring (BESLUIT), **dat Hy hulle kon aanraak** (BEGEERTE); ……
Mar 10:13 The people **brought** (CHOICE)children to Jesus, hoping (DESIRE) that He might touch them…..

Mar 10:15 Voorwaar Ek sê vir julle, elkeen wat die koninkryk van God nie soos ‘n kindjie **ontvang nie**, sal daar nooit ingaan nie.

Mar 10:15 Truly I tell you, whoever does not **receive** and **accept** and **welcome** the kingdom of God like a little child [*does*] positively shall not enter it at all.

MESSAGE - Mar 10:15 Mark this: Unless you **accept** God's kingdom **in the simplicity of a child**, you'll never get in."

Mar 10:16 En Hy het sy arms om hulle geslaan, sy hande op hulle gelê en hulle geseën.
AMPL - Mar 10:16 And He took them [*the children up one by one*] in His arms and [*fervently invoked a*] blessing, placing His hands upon them.
MESSAGE - Mar 10:16 Then, gathering the children up in his arms, he laid his hands of blessing on them.

Ware en regverdige God, ons bid dat U ons genadig sal wees en nie U aangesig van ons sal terugdraai nie. Laat U oë op ons lewens wees en laat U ore oop wees vir ons gebede. Gee aan ons onderskeiding om die kwaad raak te sien. Leer ons om sonder versuim ons sondes te bely en te laat staan.

Stof tot Nadenke…

Wanneer iemand toegewy is aan herlewing, bid hulle nie wanneer hulle so voel, of wanneer hulle oorval word met die begeerte nie, of dalk een maal per week nie. Dit word by hulle ‘n alles verterende vuur. Uittreksel: Breath of Heaven deur Ken Terhoven.

Onophoudelike Gebed:

Is u oë op my gerig, Here?

GEDAGTE VIR DIE WEEK

Alle normale aktiwiteite in hulle lewens het gaan stilstaan. Mense het nie gewerk of geëet nie. Niemand wou die gebou verlaat nie, want as hulle dit sou verlaat, moes hulle die amper tasbare teenwoordigheid van God verlaat. Soos 'n gety wat eb en vloei, het die intensiteit van die ervaring soos golwe gespoel. Daar was raserige tye wanneer mense openlik hulle sondes bely het, en stiller tye met sagte geween en persoonlike gebed by die altaar.
Uittreksel: The Ten Greatest Revivals Ever deur Elmer Towns en Douglas Porter.

SELGROEP – WEEK 7

1. *Wat het jou die meeste getref die week wat verby is ?*
2. ***BESPREEK DIE VOLGENDE** : Die Here sorg vir die opregtes (sy oog is op hulle) en Hy luister na hulle hulpgeroep, maar Hy tree op teen dié wat kwaad doen (1 Pet.3:12)*

***LEES: Ps 32:8** ; **Eseg 7:4-9** ; **2Kron 16:9** want die HERE—sy oë deurloop die hele aarde om diegene kragtig te steun wie se hart onverdeeld op Hom gerig is; ..*

3. *Volgens Jak 5:13 ...WIE MOET BID ..en volgens vers 14 .... WIE MOET BID? .... WAT IS DIE VOORWAARDE VOLGENS (Jak.5:15-16)....**Lees: Heb 11:6***

4. *Was jy al ooit in 'n posisie waar jy nie geweet het wat om te bid nie ... (**Rom.8:26**). Lees: **1 Kor 14:14** ; **Efes 6:18 ; Jud 1:20***

***So moet julle bid**: "Ons Vader wat in die hemel is, laat u Naam geheilig word…"(Matt.6:9).*
So moet julle bid: "…Laat u koninkryk kom…" (Matt.6:10).
So moet julle bid: "…laat u wil ook op die aarde geskied, net soos in die hemel…" (Matt.6:10).
So moet julle bid: "…Gee ons vandag ons daaglikse brood…" (Matt.6:11).
So moet julle bid: "…Vergeef ons ons oortredinge soos ons ook dié vergewe wat teen ons oortree…" (Matt.6:12).
So moet julle bid: "En laat ons nie in versoeking kom nie maar verlos ons van die bose" (Matt.6:13).

VISIE